Die Geïdentifiseerde Christus Van Alle Eeue

'n Paar Skrifte hier waarna ek vanaand wil verwys. Ek het oor die onderwerp gedink waarvoor ons hier is. Ek wil vir 'n gedeelte van die Skrif lees, wat ek glo dat alles, elke diens, God se Woord daarin gelees behoort te word. Want, ek weet Hy kon ons ontmoet sonder om die Woord te lees, maar ek is so bang dat ek 'n fout kan maak. So, as ek Sy Woord lees, weet ek daar is geen fout Daarin nie. So ek—ek lees Sy Woord, dan weet ek dat iets uit die diens sal kom, oor die lees van Sy Woord.

2 En daarom, ons gedagte op die Skrif gebaseer wat ons sal lees, word een plek in Johannes die 10de hoofstuk gevind, vanaf die 32ste vers en 39ste ingesluit, dan in die bekende ou teks, Hebreërs 13:8. Nou, in Johannes, die 10de hoofstuk, vanaf die 32ste vers, lees ons dit:

> *En Jesus antwoord hulle: Baie goeie werke* het *Ek julle* getoon *van my Vader. Oor watter een van* hierdie *werke stenig julle My?*
>
> *Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat . . . U, wat 'n mens is, Uself God maak.*
>
> *Jesus antwoord hulle: Is daar nie in julle wet geskrywe: Ek het gesê, julle is gode nie?*
>
> *As dit hulle gode noem tot wie die Woord van God gekom het, en die* Skrifte *nie gebreek kan word nie,*
>
> *sê julle vir Hom* wie *die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik; omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?*
>
> *As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet julle My nie glo nie;*
>
> *maar as Ek dit doen, al glo julle My nie, glo die werke, dat julle kan erken en glo dat die Vader in My is, en Ek in Hom.*
>
> *Toe het hulle weer probeer om Hom gevange te neem, maar Hy het uit hulle* hande *ontkom.*

3 En in Hebreërs, die 13de hoofstuk en die 8ste vers.

> *Jesus Christus is dieselfde gister . . . vandag, en vir altyd.*

4 Laat ons bid. Hemelse Vader, maak die boodskapper vanaand heilig, Here, aan die Boodskap, en die hoorder van die Woord, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

5 Nou, soos ons hierdie teks nader, net 'n klein formele teks vir die eerste aand, om kennis te maak, wil ek die teks neem, die . . . *Die Geïdentifiseerde Christus Van Alle Eeue*.

6 Nou, die Boek van Hebreërs hier, sê vir ons dat Hy gister, vandag, en vir altyd dieselfde is.

7 En ons lees hier in die Bybel dat hierdie Jode Hom ondervra het. Ons vind die Grieke het Hom ondervra. En dit was 'n gedurige vraag. Dit was omdat soveel mense soveel verskillende interpretasies van Hom gehad het.

8 Niemand het ooit van Hom gehoor, wat nie begeer het om Hom te sien nie. Ek is seker dat as ek vanaand kan vra: "Hoeveel van julle sou Jesus graag wou sien?" sou elke hand opgaan. Daar is nie 'n—daar is nie 'n persoon wat ooit van Hom gehoor het, wat hulle Hom nie sal wil sien nie.

9 Daar is selfs iets omtrent Sy Naam, wat net . . . dit betower ons net. Daar is iets daaromtrent wat ons hart verbly, net om daardie Naam, Jesus, te hoor. Omdat, in daardie Naam het ons vergifnis van sonde, het ons ons verlossing, want die hele familie in die Hemel sal wees . . . daardie Naam dra. En ons dus . . . God het hierdie menslike Naam geneem om op Homself geplaas te word toe Hy in die vlees gemanifesteer was. Wat 'n wonderlike Naam!

10 Nou ons—ons dink aan Hom as so groot! En deur die eeue heen het alle mense uitgeroep om God te sien. Nou, die probleem daarvan, sedert die tyd van Job . . .

11 Ek dink Job word beskou as een van die oudste Boeke van die Bybel. Dit is net ingeplaas. Dit was in die tyd van Moses geskryf, Moses het die—die eerste vier boeke geskryf.

12 Nou, ons glo dat—dat Job, daarin, een tyd uitgeroep het: "As ek Hom net kon sien! As ek geweet het waar ek na Sy huis toe kon gaan! Ek sou wou," met ander woorde: "aan Sy deur klop."

13 Ons weet almal dat ons van iewers af kom. Ons is agter een of ander gordyn wat ons . . . Daar is iets in ons wat na iets uitreik, wat ons weet dat ons van iewers af kom. Ons kon nie net wees soos ons is, sonder dat iets agter ons is om ons te maak nie.

14 My horlosie kon nie net gebeur het nie. Elkeen in hulle ware verstand sou weet dat horlosie, juwele en tyd, en regulasies, en vere, en—en wysers; dit kon nie net gebeur nie. Dis onmoontlik daarvoor om te gebeur.

15 Kyk na die res van die skepping, hoe dit saamgevoeg is. Ons weet dit kon nie net gebeur het nie. Hoeveel groter is 'n mens as 'n horlosie! Die mens het die horlosie ontwerp, dit reggestel, en dit aanmekaar gesit. So, as dit onmoontlik is vir daardie horlosie om net te gebeur het, hoeveel groter is dit dat ek en julle net toevallig hier is? Daar moet 'n skepper agter ons wees. As ons Sy groot skepping aanskou, hoe dit beweeg, en hoe Hy daarin woon, daarin woon.

16 Ons sien die blaar raak, hoe 'n blaar aan 'n boom hang. En teen omtrent die middel van Augustus, sonder ryp of iets, verlaat die lewe dit en gaan af in die wortel. Die blaar val af en gaan reguit af bo-op grond. Wat is nou verkeerd? Daar is een of ander Intelligensie wat daarmee praat. Die boom het geen intelligensie van sy eie nie. So die lewe gaan af na die wortel van die boom, om van die koue weer te ontkom. As dit . . . As dit daarbo sou bly, sou dit sterf, die winter sou dit laat sterf.

17 Nou, wat doen die blaar? Dit lê op die grond en vrot. Wat maak die lewe terwyl dit in die wortel is? Dit absorbeer die substansie van daardie dooie blaar terug, die kalsium en wat daar ook al ingaan, en verskyn weer in die lente, en kom weer reguit na sy plek toe terug, en bring nog 'n blaar. Dis 'n getuienis; dood, begrafnis en opstanding.

18 Die son kom soggens op, soos 'n babatjie gebore. Agt of nege-uur is dit in die skool. Tienuur is dit uit die skool. Twaalfuur is dit in sy middeljare. En dan begin dit sterf, sterf weer en sak in die Weste. Is dit alles daarvan? Kom die volgende môre op om te getuig; lewe, dood, begrafnis, opstanding. Alles, alles, God lewe in Sy skepping. Hy doen dit en het dit deur al die eeue heen gedoen.

19 Nou, net een manier alleen dat ons sal uitvind of God nog lewe. Ons kan Hom in Sy skepping sien, maar hoe het God Hom ooit ten toon gestel aan mense wat . . .

20 Iemand sê: "Wel, waar is God? Jy praat soveel van Hom."

21 In Afrika, in die sendingvelde daar, en onder die-die Afrikaans, gebruik hulle die woord *amoyah* wat "'n onsienlike krag," beteken, soos die wind. "Julle God," sê hy: "die onsienlike God, Hy-Hy is soos die wind. Hy is die krag, maar ons—ons sien Hom nie."

22 Wel, ek glo dat ons Hom kan sien. Want, ons vind in die 12de hoofstuk van Johannes, het sommige Grieke gekom om Jesus te sien, en hulle het gesê: "Menere, ons wil Jesus sien," en hulle is na Hom toe geneem deur een van Sy dissipels. En Hebreërs 13:8 het gesê: "Hy is gister, vandag, en vir altyd dieselfde." En as Hy in daardie dae geneem word om deur een van Sy dissipels gesien te word, waarom kan ons van Sy dissipels vanaand, nie die soekers na Sy Teenwoordigheid toe bring, as Hy gister, vandag, en vir altyd dieselfde is nie? Die Bybel sê Hy is: "Hy is gister, vandag, en vir altyd dieselfde."

23 Nou, ek weet dit klink onbesonne. Maar as julle net 'n paar oomblikke geduldig sal wees met ons, glo ek dat ek, met God se hulp, met Sy Woord en volgens Sy Woord, ek Hom hier reg voor julle kan bring. En dan, dit, wat 'n troos! Dis waarvoor ons hier is. Ons Christene is hier om troos te vind, te—te bring, in die Teenwoordigheid van die God te kom wat ons ken, wat ons kom opwek soos Hy vir die blaar doen, wat ons kan terugbring.

24 Is dit net 'n mite, is dit net 'n paar woorde bymekaar gevoeg, is dit 'n paar Joodse fabels, of is dit 'n Waarheid? Waar daar soveel misgissing is, moet daar iewers 'n Waarheid wees. Waar daar 'n vals dollar is, sal ek sê daar is 'n ware een waarvan dit afgemaak is. En waar daar soveel nabootsing is, en soveel dinge wat ons vandag sien, moet daar 'n ware God iewers wees.

25 Nou, as ons Hom nie dien nie, laat ons dan wegkom van die ding wat ons doen en Hom gaan dien. Want, trouens, watter nut is ons belydenis as daar niks aan is nie? En ons opregtheid stuur ons nie weg van veroordeling nie. Heidene is opreg. Mense drink karbolsuur soms, opreg, dink hulle neem iets anders. Opregtheid doen dit nie. Dit moet 'n weg wees wat reg is, en 'n weg wat verkeerd is.

26 Ek glo dat die Bybel reg is. Ek glo dat God se Woord reg is. Nou, God moet oordeel. [Broer Branham maak sy keel skoon—Red.] Verskoon my. Hy moet die wêreld volgens iets oordeel.

27 Nou, toe ek 'n klein seuntjie was, my familie voor my, nie my pa en ma nie, maar voor dit, was ons Iers aan albei kante, so, ons, dit was Katoliek en dit was net natuurlik vir my om na 'n Katolieke kerk toe terug te gaan. Wel, my pa en ma is buite die kerk getroud, en hulle het nie kerk toe gegaan nie. En toe, toe ek groter geword het, te weet dat daar God was, soos baie van julle my boek gelees het, het ek-ek geweet daar was God iewers.

28 Maar nou, die gedagte daarvan is, as God die wêreld volgens die kerk gaan oordeel, watter kerk gaan dit dan wees? As dit die Katolieke kerk gaan wees, watter Katolieke kerk dan? Die Roomse, die Ortodokse, of volgens watter een gaan Hy dit oordeel? As Hy dit volgens die Protestante gaan oordeel, is dit deur die Metodiste, Baptiste, Pinkster, Presbiteriaanse? Watter een? Sien, daar is te veel verwarring.

29 So, 'n kêrel sou sê: "Wel, dit net . . ." O, ja, dit maak. "Dit maak nie saak nie, solank jy opreg is."

30 Die eerste Boek in die Bybel, wat die dood veroorsaak het, siekte, smart, en sonde, was omdat een persoon een Woord nie geglo het nie. In die laaste Boek van die Bybel, het dieselfde God, in Openbaring 22 gesê: "Wie ook al een Woord sal uithaal, of een woord Daarby voeg, sy deel sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe." So, dit moet die Boek van oordeel wees.

31 Nou vind ons uit, dat: "In die begin," Johannes 1: "in die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon. Ons het Hom aanskou, die eniggeborene van die Vader, dat die Woord Self, God, vlees geword het en onder ons gewoon het."

32 Hebreërs 13:8 sê: "Hy is gister, vandag, en vir altyd dieselfde." Dan as Hy dieselfde is, en dis die Woord, hoe het

die Woord dan Homself deur al die ander eeue verklaar? Dit sal Homself op dieselfde wyse moet toon, om Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd te wees. Dis niks anders as die Waarheid nie. Hy is die Woord; en waar, hoe die Woord deur al die ander eeue verklaar is. God verander Homself nie. Maleági 1, of . . . Maleági 3:6 sê Hy doen dit nie. "Ek is God, Ek verander nie."

33 So, presies soos Hy in die begin was, is Hy vandag. En Hy was die Woord, vir die menslike ras, in die begin. God het nooit die menslike ras 'n kerk gegee om agter te staan nie, het hulle nooit 'n geloofsbelydenis gegee om agter te staan nie. Hy het die menslike wese met Sy Woord verskans: "Glo hierdie Woord en lewe!" Dis dieselfde ding vandag. En Christus is daardie Woord: "In die begin was die Woord, die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." Nou, wat Hy in die ander tye was, dan moet Hy vandag dieselfde wees, as Hy gister, vandag, en vir altyd dieselfde bly. Wat, dink ek, ek behoorlik verduidelik het dat dit Jesus Christus, gister, vandag, en vir altyd dieselfde is, en Hy is die Woord.

34 Nou, Jesus het gesê: "Die Skrifte kon nie verbreek word nie." Die Skrif was waar. En die Skrif sê, in Johannes 1, dat: "Die Woord is vlees gemaak, en het onder ons gewoon." God het vlees geword in Sy Seun, Jesus Christus, en het onder ons gewoon. In Johannes 10:35, het Jesus hulle na wie Hy gekom het, wat die Woord in die begin was: "profete" genoem. Jesus het hier gesê: "Julle eie wet leer julle dat, hulle na wie die Woord van God gekom het, en die Woord van God het na die profete gekom."

35 Nou, Hebreërs die 1ste hoofstuk sê dat in die . . . het gesê: "God het, in verskillende tye," en dis die ou tye: "op baie maniere tot die vaders deur die profete gespreek; in hierdie laaste dae deur Sy Seun Jesus Christus." Sien?

36 Nou, let nou op, God! Jesus het gesê dat: "Hulle na wie die Woord gekom het, is 'gode' genoem," dit was profete. Nou, die man self was nie God nie, nie meer as wat die liggaam van Jesus Christus God was nie. Hy was 'n mens, en God was agter Hom versluier.

37 God het Homself nog altyd versluier van die publiek, en Homself aan die mense wat dit wil glo, openbaar. God! Hierdie laaste Sondag, by die tabernakel het ek oor *Die Ontsluierde God* gepreek. God het Homself altyd agter iets versluier sodat die mense van die buitewêreld niks van Hom sou weet nie. Maar Hy openbaar Homself aan Sy kinders en aan hulle wat gewillig is om agter daardie sluier in te kom.

38 In die Ou Testament was daar dasvelle wat God verberg het. Hy was in die Shekinah Heerlikheid. Dit was agter die dasvelle. Voor hulle agter die dasvelle kon kom, het hulle . . .

39 Die Woord was in Moses, die profeet. Hy het opgegaan op die berg. Hy het die Vuurkolom ontmoet, en Dit het met hom gepraat. Hy het afgegaan en die tekens van die profeet gedoen, het die kinders van Israel uit Egipte na hierdie berg toe gebring. En toe het God afgekom en Moses identifiseer, deur hom binne-in daardie Vuurkolom te bring, en Hom te versluier. Niemand anders kon gaan nie. Nie enige persoon kon dit naboots nie, kon dit nie doen nie; hulle het gesterf. Het een man geneem; hy het hieragter ingegaan, in die Vuurkolom in, in die Heerlikheid van God in, en binne-in die Shekinah Heerlikheid, en toe hy uitgekom het met daardie Woord vir daardie eeu, was hy so aan die skyn met die Heerlikheid van God dat hy sy gesig moes versluier. Die mense kon nie aanmekaar na hom kyk nie. En dit was die natuurlike sluier.

40 Wat is dit? Wanneer 'n mens deur daardie sluier bars, binne-in die Shekinah Heerlikheid nou, noem die wêreld hom 'n fanatikus. Hulle kan nie sien wat verkeerd is nie. Maar daaragter is daar geen aansien van hom nie. Hy mag nie sy woorde reg uitspreek nie. Hy—hy mag dalk nie presies reg aantrek nie. Hy mag dalk nie priestersklere aantrek nie. Sy mag dalk nie aantrek soos hulle dink sy moet nie. Dit mag wees, maar, julle sien, binnekant, agter daardie dasvel, agter daardie mensvel, daarbinne is die Shekinah Heerlikheid, daarbinne is die krag, daarbinne is die Woord, daarbinne is die toonbrood. En die Shekinah Heerlikheid, wat die Lig is, wat Lig maak wat graan ryp maak.

41 Julle Kansasmense weet dit deur julle koringoeste. Sonder daardie son, sal dit nie ryp word nie.

42 En totdat jy agter daardie dasvel inkom, totdat jy uit jou ou vel kom, jou ou gedagtes, jou ou geloofsbelydenisse, en in die Teenwoordighied van God kom, word die Woord 'n lewende werklikheid vir jou, dan is jy vir die Shekinah Heerlikheid wakker gemaak, dan word die Bybel 'n nuwe Boek; dan is Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Jy lewe in Sy Teenwoordigheid, eet die toonbrood wat net daardie dag vir gelowiges, net priesters voorsien is. "En ons is priesters, koninklike priesterdom, 'n heilige volk, eienaardige mense, gee geestelike offers aan God." Maar julle moet inkom agter die sluier, om die ontsluierde God te sien. En God is ontsluier, dis Sy Woord gemanifesteerd.

43 Nou, vandag het ons soveel mense wat sê: "Wel, ons, as *so-en-so*, ons glo Dit op *hierdie* manier." Die ander groep sê: "Ons, as *so-en-so*, ons glo Dit op *hierdie* manier." Sien, jy kry soveel interpretasies!

44 God het nie enige interpreteerder nodig nie. Hy interpreteer Sy Eie Woord. Die Bybel sê: "Dis van geen private interpretasie nie." God openbaar, Homself. Hy doen dit! In die begin het Hy gesê: "Laat daar lig wees," en daar

was lig. Dit het nie enige interpretasie nodig nie. Die God het gesê: "'n Maagd sal swanger word," sy het. Dit het nie enige interpretasie nodig nie. God het gesê: "In die laaste dae," sou Hy "uitstort" Sy "Gees op alle vlees," en Hy het. Dit het geen interpretasie nodig nie.

45 Dis nog steeds die Woord! Die Woord is God. God het, in elke eeu, soveel van Sy Woord toegewys. En daarin, kyk wat Hy gedoen het, Hy het 'n—'n profeet gestuur. "En die Woord van die Here kom na die profeet." Die profeet openbaar Dit aan die gehoor en die gehoor glo Dit. En dan, is dit God in aksie, God wat deur Sy Gees beweeg.

46 Nou vind ons Hy het Homself as die Seun van die mens hier geïdentifiseer, nou, om te vervul. Nou, toe Hy op aarde gekom het, onthou, Hy het Homself aan die publiek, buite, geïdentifiseer, Hy het Homself as Seun van die mens geïdentifiseer. Hy het in drie seuns se name gekom; Hy het as Seun van die mens gekom, Seun van God, Seun van Dawid. Nou, *Seun van die mens* is 'n "profeet." Selfs Jehova Self het Eségiël genoem, gesê: "Seun van die mens." Jehova gepraat met 'n man, profeet, het hom "Seun van die mens" genoem. En Jesus het Homself Seun van die mens geïdentifiseer, want die Skrifte kan nie verbreek word nie.

In Deuteronómium 18:15 het Moses gesê, na . . .

47 Die kinders van Israel het gesê: "Moenie laat God meer praat nie. Ons wil hê Moses moet met ons praat."

48 Hy het gesê: "Ek sal nie meer so met hulle praat nie, maar Ek sal hulle 'n Profeet stuur."

49 In Deuteronómium 18:15, het hy gesê: "Die Here jou God sal 'n Profeet soos Ek is, verwek." En dus kan daardie Skrif nie verbreek word nie, Hy moes as Seun van die mens kom. Nou, dit was vir Sy eeu, toe Hy hier op aarde was.

50 Toe, toe Hy gesterf het, opgestaan het, opgevaar het en die Heilige Gees teruggestuur het, was dit die Seun van God. God is 'n Gees, en deur die Kerkeeu was dit Seun van God.

51 En dan in die Millennium, is dit Seun van Dawid, wat op die troon sit, regeer. Hy het opgevaar. "Hy wat oorwin sal saam met My op My troon sit, soos Ek oorwin het, en op My Vader se troon sit." Hy sit nou op die Vader se troon. Maar in die Millennium sit Hy op Sy Eie troon, want Hy is die Seun van Dawid.

52 Hy is Seun van die mens, Seun van God, Seun van Dawid. Sien, dis net perfek.

53 Nou vind ons uit, Hy moes as 'n profeet kom. Die onveranderlikheid van Sy Woord! God verander nie. God verander nie, want Hy was die Profeet wat in Josef was. Hy was die Profeet, Hy was God in Josef. Hy was God in Dawid.

54 Kyk na Josef, het net die lewe van Christus omtrent volmaak uitgebeeld, maar hy het 'n fout gemaak, om te wys dat dit nie

Hy was nie. Mense maak foute. Sien, hy het vir Farao gesê, hy het gesê. . .Hy het vir sy pa gesê, wat 'n profeet was, Jakob, hy het gesê: "Sê vir Farao dat—dat ons veewagters is, want 'n skaapwagter is 'n gruwel vir 'n Egiptenaar." Maar die vader, die Gees wou hom dit nie laat doen nie, hy het gesê: "U dienaars, die skaapwagters." So sien julle Josef het 'n fout gemaak daar.

55 Dawid, die groot man, het 'n fout gemaak. 'n Man na God se Eie hart, het tog Batséba geneem, het gedink dat hy dit kon wegsteek vir die einste God wat hy gedien het, sy hele lewe lank, maar God het hom deur Natan die profeet ontmasker. Sien?

56 Maar kyk tog na Dawid toe hy uitgegaan het, van sy eie mense verban, 'n verworpe koning. Sy eie dogter is deur haar broer onteer, en die ander broers het hom vermoor. En hier was hy, Absalom het opgestaan en die leër verdeel, het rewolusie veroorsaak, en Dawid, sy eie vader is geëkskommunikeer, weggevat, deur sy eie mense verwerp. Aan die uitgaan uit die stad, het die soort van kreupel kêreltjie wat daarlangs sleep, die spot met hom gedryf, en op hom gespoeg. Daardie wag het sy swaard getrek, het gesê: "Sal ek daardie hond se kop op hom laat bly, op my koning gespoeg?"

Dawid het gesê: "Laat staan hom. God het hom gesê om dit te doen."

57 Ongetwyfeld het Dawid nie geweet wat hy doen nie, het op dieselfde Olyfberg daar geklim, en afgekyk, gehuil, 'n verworpe koning. Waar, 'n paar honderd jaar daarna, Jesus Christus op dieselfde berg gesit het, die Seun van Dawid, as 'n verworpe koning gehuil het, en hulle het op Hom ook gespoeg.

58 Julle sien, al hierdie dinge het Christus net uitgebeeld. Hy was 'n deel daarvan. God verander nie. Sy natuur verander nie. Sy karakter uerander nie. Hy is nog steeds die Woord, sien, en Maleági 3:6 bewys dit. Hy verander net Sy vorm vir elke eeu. Elke eeu het Hy deel van die Woord bepaal wat geprofeteer is en sekere dae sou plaasvind. Wel, soos daardie eeu naderkom, beweeg God net in 'n ander vorm. Sien, dis die heeltyd God, die Woord: "die Woord het vlees geword en onder ons gewoon."

59 Nou, in Hebreërs 4 vind ons uit, Hebreërs 4:12, dat Jesus volmaak geïdentifiseer was deur Sy werke en wat Hy gedoen het, want Hebreërs 4:12 sê, dat: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard. Dit is ook 'n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart."

60 Dis hoe Abraham, toe hierdie Man hom ontmoet het, met stof op Sy klere, en ons vind uit, toe Abraham hierdie Man gesien het, hy Hom eenkant toe geroep het.

61 Twee van hulle het in Sodom afgegaan, 'n baie pragtige prentjie van die dag waarin ons lewe, en ons vind 'n moderne Billy Graham en diegene in Sodom, wat hulle uitbring.

62 Kyk na die uitverkore kerk, egter, die ware saad van Abraham. Lot was 'n neef, maar Abraham. . .Hierdie Man het nooit afgegaan, die Een wat met Abraham gepraat het nie. En terwyl Hy met Abraham gepraat het, het Hy gesê: "Abraham." Onthou nou, sy naam was *Abram*, 'n paar dae vantevore, en sy vrou was *Sarai*, nie Sara nie.

En Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

Het gesê: "Sy is in die tent agter U."

63 Hy het gesê: "Ek gaan julle volgens die tyd van die lewe besoek."

En Sara, sy het in haar hart soort van daaroor gelag.

64 "En die Man met Sy rug na die tent toe gedraai," het die Bybel gesê: "het gesê: 'Waarom het Sara gelag?' in die tent agter Hom."

65 En Abraham het daardie Man "Elohim" genoem. *Elohim* is "die Selfbestaande."

66 Nou, die Engelse woord *god* beteken enigiets. Daardie Engelse woorde, mens moet hulle dophou, want hulle het allerhande verdraaide idees. 'n God, hierdie lessenaar kon god wees,'n boom kan god wees, 'n man kan god wees, enigiets god, die Engelse woord god beteken.

67 Maar *Elohim* beteken "selfbestaande." Daar kan net. . . Hierdie lessenaar is nie selfbestaande nie. Die mens is nie selfbestaande nie. Die boom is nie selfbestaande nie. Maar Elohim is! Selfbestaande, in vlees gemanifesteer, staan daar, eet, drink melk van die koei, eet die vleis, die kalf, eet brood, en gesels met Abraham. En Abraham het gesê dit was "Elohim."

68 En Jesus het in Lukas 17 gesê: "Soos dit in die dae van Sodom was, so sal dit by die wederkoms wees, wanneer die Seun van die mens sal gemanifesteer word." Nie Seun van God nou nie; "Seun van die mens gemanifesteer word"! "Wanneer Hy geopenbaar word, bekend gemaak word aan Sy Kerk, Seun van die mens sal geopenbaar word net voor die beloofde Seun."

69 Abraham het God in baie verskillende vorms gesien, in 'n Lig, en in visioene; maar hier was God in 'n Man, net voor die verwagte en beloofde seun verskyn het.

70 Jesus het gesê: "Voor die beloofde Seun weer kom, sal Elohim Self (Sy Woord) in vlees manifesteer, God!"

"Menere, ons wil Jesus sien!"

71 God in alle eeue dieselfde gemanifesteer, dit was altyd so, Hy het Hom agter menslike vlees in versluier. Dis God in jou. "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, maar julle sal My sien. Ek sal met julle wees." Hy is selfs in ons, Hy sal wees, tot die voleinding toe, tot Hy geopenbaar is in die vorm wat van die Hemel af kom.

72 God se Woord van hierdie eeu, wat het Hy hierdie eeu beloof? As julle in die Bybel kyk en sien wat vir hierdie eeu belowe is, en julle sien Dit uitleef, gee ek nie om wie sê Dis reg of verkeerd nie, dis reg, want Dis God wat Sy Eie Woord interpreteer.

73 Hy het vandag niemand nodig om te sê: "Wel, daardie dae is verby. Glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie. En alles dit is fanatisme," nie. Dis—dis verkeerd! Wanneer God sê Hy sal dit in 'n sekere eeu doen, sal Hy dit doen. Maar die ding is, ons kom in 'n ou trant van iets destyds, een of ander skool van destyds, en ons mis Dit.

74 Dis waarom hulle Jesus gemis het toe Hy gekom het. Hulle het nog steeds probeer om onder die Wet te lewe, wanneer die Bybel duidelik gesê het. . . Net hier, ek sal Dit lees, het Hy gesê: "Ondersoek die Skrifte, Daarin dink julle het julle die Ewige Lewe; en Dit is Dié wat van My getuig. As die Skrifte nie van My getuig nie, dan is dit verkeerd." Sekerlik kon hulle gesien het die maagd sou swanger word! Sekerlik was Hy die volmaakte antwoord op die Skrif! Ons Christene glo dit nou.

75 Maar watter nut sou dit vir Moses wees om met Noag se dag, Noag se boodskap te kom? Watter nut sou dit vir Johannes die Doper wees om met Moses se boodskap te kom? Sien?

76 Ons het nie Sankey se boodskap nie. Ons het nie Moody se boodskap nie. Ons het die Boodskap van hierdie uur! Ons het nie Luther se boodskap of Wesley se boodskap nie. Hulle was goed, maar dit is 'n ander dag. Dit is 'n ander belofte. Dit is 'n ander kerkeeu. "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd!" Hoe verstommend is dit, hoe blind mense kan raak, in die eeu, maar dit moet so raak. "Louwarm" in hierdie eeu; die Bybel het gesê: "en hulle sal uit Sy mond gespoeg word," in hierdie Laodicéa Kerkeeu. "Maar soveel soos Hy liefhet, tugtig en vermaan Hy." Hy het gesê dit sou so wees in hierdie Laodicéa Kerkeeu.

77 Onthou, God verander Sy vorm. *En morphe*, die Griekse woord beteken Hy sit 'n ander masker op. Soos in *Carmen* of so-iets, of—of Shakespeare se toneelstukke; Hy is—Hy is soos 'n akteur, Hy verander Sy vorm. Alles wat daardie profete was, dit was God in daardie profete. Jesus het so gesê: "Julle noem hulle 'gode' na wie die Woord van God gekom het, en hier is Ek, die Seun van God, hoe kan julle My veroordeel?" O, goeiste!

78 Dieselfde ding is vandag, dis God in vlees gemanifesteer, die Boodskap van die uur, die Lig van die dag! Ons kan nie daardie ander boodskappe van destyds hê nie, hulle is reeds op gelewe; ons lewe in 'n gloed van 'n lig.

79 Dis die grootste skuld, die grootste roof wat die nasies nog ooit van gehoor het wat in Engeland gepleeg is hier nie lank gelede nie, deur vals ligte gedoen. Sewe-miljoen dollar,

treinroof, is nog nooit tevore van gehoor in die geskiedenis nie. Dit was ’n groot verskuldiging, ’n baken vir die eeu van skurke in die wêreld.

80 En die grootste merk van skurke in die hierdie eeu, in die wêreld waarin ons lewe, is ’n vals lig in hierdie uur waarin ons lewe, om ons te probeer terugplaas onder een of ander geloofsbelydenis en dinge. Wanneer ons lewende briewe is, of, met ander woorde, ons is briewe wat lewe, wat geskryf is en nou die Woord van God uitlewe, soos Hy in die uur belowe het, gemanifesteerde Woord, briewe geskrewe, wat uitgelewe is. Dis wat die apostels was.

81 Dis wat Johannes die Doper was. “Hy was die stem van een wat roep in die woestyn.” Hy het probeer om hulle dit te vertel. Hy was ook Maleági 3: “Kyk, Ek stuur My boodskapper voor My aangesig uit, wat die weg voor die mense sal berei.” Hy was daardie lewende Woord.

82 En die ware wedergebore kerk in hierdie uur, is die lewende Woord van God. Dis die Woord van hierdie eeu, gemanifesteer. Ondersoek die Skrifte en sien wat veronderstel is om in hierdie eeu te wees. Daar is Christus wat weer lewe, net Sy masker verander van een na die ander.

83 Nou, Hy was terdeë as Messias geïdentifiseer. Hulle behoort dit te geweet het. Ons weet wat Messias veronderstel was om te wees. Hy was veronderstel om ’n Profeet te wees. Dis wat die Bybel gesê het Hy was. Dis wat Hy gesê het Hy was. “Ek, die Seun van die mens, Wie sê julle is Ek, die Seun van die mens?” Identifiseer Homself altyd as Profeet-eeu, identifiseer Homself as God se Profeet. Dis wat Hy was.

84 Maar Hy was meer as ’n profeet. Hy was die God-Profeet. Wat Dawid was, wat Moses was, wat Élía was, wat alles van dit was: “in Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon.” Hy was die God-Profeet. Hy was God, Jehova, het in Sy Eie Seun vlees geword, het vir Homself ’n tabernakel opgerig om Homself in te manifesteer. Al die res van hulle het gefaal, hulle het foute gehad, maar daar is geen fout in Hom nie. Selfs God Self het gesê: “Dit is My geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het om in te woon.” Dis reg, geen fout in Hom nie. “Luister na Hom!” Hy was gemanifesteerde God.

85 Hulle het gesê: “U maak Uself God, of gelyk aan God.” Hy was. Hy was Sy Eie Seun. Amen. Hy het. . .Hy was die manifestasie van God. God was in Christus, het die wêreld met Homself versoen.

86 En in hierdie laaste dag, spreek Hy tot die mense deur Sy Seun Christus Jesus, Homself bekend te maak. Wat is Christus dan? Die Woord. Die Woord van wat, die woord van Moses? Ja, maar vandag is Hy die Woord vir hierdie dag gemanifesteer.

87 Let op hoe Jesus was. Nou, Hy moet 'n Profeet wees, laat ons sien of Hy die Messiaanse teken gehad het. Laat ons na Johannes, die 1ste hoofstuk gaan vir die volgende vyf, tien minute voor ons afsluit. Johannes 1, sien ons Hom op aarde kom. Hy is deur 'n maagd gebore, net wat die Bybel gesê het. Hy is in die skoot van 'n maagd ontvang.

88 Nie dat die maagd, sy nou 'n godin was nie. Julle sê: "Wat van Maria?" Sy was onvolmaak. Sy was die vrou, net 'n vrou soos enige ander vrou was, nie 'n godin nie, 'n vrou. Iemand het gesê: "Is jy nie skaam om dit te sê nie?" Nee, meneer!

89 Kyk hier. Waar het sy die fout gemaak? Wel, hier het sy een gemaak. Toe hulle na die Pinksterfees toe gegaan het en die mense op 'n drie dagreis gegaan het, en hulle Hom gemis het, Sy ouers, het hulle dus teruggegaan om Hom te kry. En hulle het Hom in die Skrif gevind, het Dit met die priesters in die tempel gedebateer. En kyk wat het Maria gesê, net daar voor daardie priesters, daardie kritici. Sy het gesê: "Ek en U vader het U met trane gesoek."

90 Maar die Woord korrigeer altyd die fout. Hy was die Woord, 'n twaalfjarige Seun. Waar het hierdie wysheid vandaan gekom?

91 Onthou, net daar het sy haar getuienis verloën. Sy het gesê God is Sy Vader; en hier het sy gesê: "Ek en U vader, Josef, het U met trane gesoek."

92 Hy het gesê: "Weet u nie dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?" Sien? Sien? As Hy met Sy vader Josef was, Josef Sy vader was, sou Hy kabinetdeure en dinge gemaak het. Sien? Maar Hy was in die dinge van Sy Vader, het die Woord vir daardie dag reggestel. Hy was die Woord. Amen. Sien, Maria het die fout gemaak, maar daar is geen foute wat Hy gemaak het nie. Hy was die Volmaakte.

93 Let op, toe Hy gebore is, grootgemaak is, gedoop is deur Johannes, het die Heilige Gees op Hom gekom, in die woestyn in, weer uit, het Sy bediening begin, genesing. Daar was 'n man, Simon genoem, en hy het met sy broer Andréas na 'n diens gekom.

94 Luister nou aandagtig, ons gaan afsluit—afsluit, en sien wat Hy toe was. En of "Hy met die vaders deur die profete gespreek het, in hierdie laaste dae deur Sy Seun," sien net wat God vandag is, sien of Hy op dieselfde manier geïdentifiseer is.

95 Hoe het Hy Homself identifiseer? Het Hy afgekom en gesê: "Nou Ek het deur die skool gegaan. Ek het My Baccalaureus Artium gekry, Ph.D., LL., sovoorts. Ek is gereed vir My bediening"? Nee, meneer. Hy het dit nie gedoen nie. Hy het in die woestyn ingegaan soos Johannes het, uitgekom gesalf met die Heilige Gees.

96 Kyk hoe Hy Homself geïdentifiseer het toe Hy begin preek het. Daar was 'n man, Andréas, wat na Johannes geluister het, wat saam met Jesus gegaan het om uit te vind waarmee Hy besig was, het Hom gevolg daar na die diens toe; het sy broer Simon gebring. Sodra Simon in die Teenwoordigheid van Jesus ingestap het, het Jesus gesê: "Jou naam is Simon, en jy is die Seun van Jonas." Dit het Hom geïdentifiseer. Net daar is Petrus se naam van Simon na Petrus verander, wat "klein klippie" is, en later die hoof van die kerk geword het.

97 Dan sien ons 'n kêrel daar staan, met die naam van Filippus, hy het gesê: "Nou, wag 'n bietjie, ons het vir vierhonderd jaar nie 'n profeet gehad nie. Die volgende profeet weet ons wat dit sal wees."

98 So toe gaan hy om die berge, omtrent vyftien myl, as julle ooit daar kom om die plek te merk, waar hy 'n vriend gevind het saam met wie hy Bybellesse gehad het. Hy was 'n baie stoere man, fyn opgevoede man. Sy naam was Natánael. So het waarskynlik, na die deur gestap en gevind dat hy nie daar by sy huis was nie, dit kon sy vrou gewees het wat gesê het: "Hy is buite in sy olyfboord, daar aan die bid."

99 So het Filippus so geesdriftig oor wat hy gesien het wat gedoen word, die volmaakte identifikasie van Deuteronómium 18:15, 'n Profeet het opgestaan! Dus het hy gegaan, het Natánael ontmoet en gesê: "Natánael, kom, kyk Wie ons gevind het." Het nie genoeg tyd gehad om die weer en dinge te bespreek nie. Die boodskap was dringend. Sy hart het gebrand. Dis te veel vir ons nou, ons het te veel ander dinge om te doen behalwe *Hierdie*. En voor jy weet wat, het hy gesê: "Kom, kyk Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef."

100 Laat ons inluister na hulle gesprek soos hulle rondom die seestrand stap. Ek kan Filippus aan Natánael hoor sê: "Jy weet daardie ou visserman daaronder, wat jy ken?"

101 "O, die—die—die ou een wat dood is hier nie so lank gelede nie, Jonas?"

"Nee, nee. Sy seun, Simon."

102 "Ja. Ja. O, ek onthou ek het vis van hom gekoop. Wel, weet van hom? Wel, hy het nie genoeg geleerdheid om sy eie naam te teken nie. Hy kon nie my kwitansie teken nie." (Die Bybel het gesê hy was onkundig en ongeletterd, maar hulle het opgelet dat hy met Jesus was, so het ons uitgevind dat hy nie eens die kwitansie kon teken nie.)

103 Hy het gesê: "Ja," gesê: "weet jy wat? Toe hy reg voor in die teenwoordigheid van hierdie Man kom, die Man het hom nie geken nie, hom gesê sy naam is 'Simon, die seun van Jona.'" Het

gesê: "Is dit nie die Messias nie? Is dit nie 'n profeet nie? Is dit nie Deuteronómium 18, die Skrifte vervul nie? Gaan Sy lewe na, watter dag lewe ons? Ons lewe, wag vir hierdie Messias wat kom. Almal van ons Hebreërs doen dit. Is dit nie dit nie?"

104 "A, nou wag 'n bietjie," het Natánael gesê: "ek sal moet uitvind."

"Wel, dit sal my nie verbaas as Hy jou ken nie."

105 "Huh-uh-uh, laat my dit sien. Laat my na een van die dienste gaan en dit gedoen sien word."

106 Goed, hy loop reguit vorentoe in die diens waar Jesus gestaan het. Hy het gesê: "Aanskou 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie."

Hy het gesê: "Rabbi, waarvandaan ken U my?"

107 Het gesê: "Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Dit was dit. Dit was dit.

108 Wat is dit? "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Sien, Hy het Homelf geïdentifiseer, die Woord.

109 Wat het hierdie leser gesê: "Rabbi, U is die Seun van God. U is die Koning van Israel."

110 Maar daar het sommige van hulle bygestaan wat dit nie geglo het nie. Hulle het gesê: "Hierdie man is Beëlsebub."

111 Jesus het gesê: "Ek vergewe julle daarvoor, om die Gees van God 'n 'onrein ding' te noem, want versoening is nog nie gedoen nie. Maar wanneer die Heilige Gees, Hy die Heilige Gees . . . " *Hy* is 'n persoonlike voornaamwoord; wanneer, nie 'n gedagte nie; 'n Persoon! "Wanneer Hy die Heilige Gees gekom het om dieselfde ding te doen, sal een woord Daarteen nooit vergewe word nie." Onthou, Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd, die geïdentifiseerde Woord vlees gemaak. Dan vind ons Hom daar, nou, dit was Jode.

112 Daar is net twee rasse mense. Ons kan ons segregasies en—en integrasies hê, en wat jy ook al wil hê, ek . . . dis nie my belang nie. Ek is 'n dienaar van Christus, wat alle mense dien. Maar, luister, laat my julle vertel. Kyk hierna. Daar was 'n Jood, Heiden en Samaritaan.

113 En kyk na die Evangelie, praat van Petrus met die sleutels. Hy het dit op die Pinksterdag geopen aan die Jode. Filippus het gegaan en die Samaritane gedoop, en het duiwels uitgedryf, Heilige Gees het nie op hulle gekom nie; Petrus het daar gekom en hande op hulle gelê, hulle het die Heilige Gees ontvang. En by Cornelius se huis, het die Heidene Dit ontvang.

114 Nou, die Heidene, ons Heidene, ons Anglo-Sakse, ons het nie eens vir enige Messias gesoek nie, ons was heidene, met knuppels op ons rug, ons het afgode aanbid. Maar beide Jode en Samaritane het vir 'n Messias gesoek.

115 En Hy kom net na hulle wat Hom soek. Hou dit in gedagte deur hierdie diens, Hy sal net diegene ontmoet wat na Hom soek!

116 Uiteindelik, is Hy dan nodig...was eendag op pad na Jérigo, en moes verby Samaria gaan, dis bo rondom die berge. Hy het afgekom by die plek...Nou, ons sien Hom Homself identifiseer as die Messiaanse, wat Sy Messiaanse teken toon, en hulle het dit gelaster, dus moes Hy na Samaria gaan. Hulle was ook aan die soek vir 'n Messias. Tot Hy by 'n stad genaamd Sigar gekom het, om ongeveer twaalfuur.

117 Die put, nog daar, hulle gaan net langs dit sit, net buite die stadspoort. Waar, die openbare pomp, hulle almal kom om hulle water te kry; dit is nie 'n pomp nie, hulle laat dit net sak met 'n slinger en trek die water op. En hulle het daardie groot kruike, doen dit vandag nog. En praat van 'n balans, sommige van julle vroue loop met boeke op julle kop? Julle behoort te sien hoe daardie vroue 'n vyfgelling kruik bo-op hulle kop, en een op elke heup, en loop net aan, gesels, en balanseer dit net so perfek.

118 En het daarlangs gegaan, omtrent elfuur in die dag, toe hulle omtrent middag daar gekom het, en Hy het die dissipels die stad ingestuur om voedsel te koop.

119 En daar was 'n vrou in die stad, berug, sy was nie toegelaat om met die res van die vroue te wees nie, dus het sy uitgekom na die put om haar porsie water te kry. En toe sy op die punt was om die kruik te laat sak, het sy na 'n Man gekyk wat oorkant teen die muur gesit het, wat met haar gepraat het, gesê het: "Vrou, bring vir My water om te drink."

120 Nou, hulle het reguit segregasie gehad, Jode en—en Samaritane. En sy het Hom laat weet, sommer gou, dat—dat dit nie gebruiklik vir 'n Man van Sy tipe was om vir 'n vrou van haar, Samaritaan, enige guns te vra nie, want die Jode en Samaritane het geen gevoel een vir die ander gehad nie, het niks in gemeen gehad nie. Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy My vir water gevra het, en Ek sou jou water gee wat jy nie hiernatoe kom om te skep nie."

121 Wat het Hy gedoen? In aanraking met die vrou se gees gekom. Hy was 'n profeet. En die gesprek was of hulle in Jerusalem of in die berg behoort te aanbid. Hy het gesê: "Die Vader soek diegene om in Gees en Waarheid te aanbid."

122 En Hy het voortgegaan tot Hy gevind het wat die vrou se probleem was. Hy het reguit afgegaan tot Hy haar probleem gevind het. Ons weet almal wat dit was, wat die Bybel lees, Johannes 4. Wat het ons gevind? Sy het te veel mans gehad. Hy het gesê: "Gaan haal jou man en kom hierheen."

Sy het gesê: "Ek het nie enige man nie."

Hy het gesê: "Jy het die waarheid gepraat, want jy het vyf gehad."

123 Kyk na die verskil tussen daardie klein vroutjie en daardie priesters in daardie dag. Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons het nie een gehad vir vierhonderd jaar nie. Ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet wanneer die Messias kom, dit die ding is wat Hy sal doen." Is dit so? "Hy sal ons hierdie dinge wys. Hy sal ons dit vertel."

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

124 Net 'n gewone Man wat daar sit, net dertig jaar oud, het heel moontlik vyftig gelyk, want hulle het pas gesê, in Johannes 6: "U is 'n man nie ouer as vyftig jaar oud nie, en sê U het Abraham gesien, nou weet ons U het 'n duiwel."

Maar Hy het gesê: "Voordat Abraham was, IS EK."

125 En, ja, daar was Hy, net 'n jong kêrel, moontlik 'n bietjie grys in Sy baard, Sy werk. Sy menslike liggaam was tenger; "geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie," 'n ou dasvel alweer, maar wat aan die binnekant daarvan was, was Shekinah, wat aan die binnekant daarvan was, was God. God! Wat was dit? Daar is Hy geïdentifiseer, die Woord van God, wat die geheim van hulle hart ken. Sien, dit was die Woord van God. Hy was die Woord van God.

126 En die Woord van God doen dit nog steeds, want Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Vind julle dit, vind dit nou in julle gedagtes? Let op: "dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

127 Sy het die stad ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man wat my gesê het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?"

128 As dit die teken van die Messias was aan die Jood en aan die . . . aan die—die Samaritaan, en Hy is geen aannemer van die persoon nie, dieselfde gister, vandag, en vir altyd, en dit was die einde, toe God opgehou het om met die Jode en Samaritane te werk. En dit is die einde van die Heidense bedeling, wanneer Hy deur hervormers ensovoorts opgekom het tot die end en belowe het: "Soos dit was in die dae van Abraham, so sal dit wees wanneer die Seun van die mens aan die Heidene in die laaste dag geopenbaar word." Hy sou weer terugkeer.

129 Soveel kan hier gesê word, maar laat my nou gou maak, want dis—dis nege-uur, net 'n bietjie daarna. Ons gaan teen nege-dertig uit wees, as die Here wil.

130 Let op, die profeet het gesê, oorkant in Sagaria 14:6: "Daar sal 'n dag wees wat nie dag of nag genoem sal word nie, maar dit sal 'n dag van somberheid wees; maar teen die aandtyd sal dit Lig wees." Nou, kyk, gou. Geen Skrif kan verbreek word nie. Dit moet alles vervul word.

131 Nou, hoe kom die son op? Waar kom dit op? In die Ooste. Waar gaan dit onder? In die Weste. Die beskawing het saam met die son beweeg, en so het die Evangelie. Begryp dit? Nou

is ons presies terug; nou weer op die Weskus. As ons enigsins verder gaan, kom ons presies weer terug Oos, kruis reg rondom die Stille oseaan, weer na die Ooste toe; niks daarin nie, sien. Nou, die beskawing het saam met die son beweeg.

132 Die Evangelie het oor die waters gegaan. Dit het van—van die Middellandse See gekom, en dit het oorgegaan na, van Paulus na Duitsland; van Duitsland af het dit oor die Engelse kanaal gegaan na Engeland toe; van Engeland af het dit oor die Atlantiese oseaan na die Verenigde State gegaan, en nou is dit weer terug by die Stille oseaan.

133 Kyk, dieselfde son wat in die Ooste opkom, is dieselfde son wat in die Weste sak, s-o-n. En dieselfde Heilige Gees wat op die Pinsterdag geval het, in die Ooste. . . Nou, dit was 'n dag wat nie 'n dag genoem kon word nie, dis somber, 'n somber dag, reënerig; julle sien dit hier in Kansas, reënerig, somber. Ons het genoeg lig gehad om—om by 'n kerk aan te sluit, en om hierdie dinge te doen, genoeg lig om in te beweeg, maar Hy het gesê: "In die aandtyd sal dit Lig wees, die Seun sal weer terugkeer." En die Heilige Gees keer weer terug in hierdie laaste dae met die volheid van God se krag, die Woord wat gemanifesteer word! Deur die Lutherse. . .

134 En net soos 'n—soos 'n piramide wat groter word. Die Lutherse, eerste herlewing, Wesley, Pinkster, en word nou reguit ingeslyp. Want, wanneer die Kopsteen terugkom na die piramide toe, sal dit moet pas soos die res daarvan. Jy kan nie eens 'n mes se lem daartussen kry nie, dis so perfek. En so sal die bediening in die laaste dae wees, sal so naby wees.

135 Soos jou—jou hand wat die positief is, en die—die skaduwee van jou hand wat die negatief is; soos hulle pas, na 'n rukkie, word hulle een. Hulle word so. En dis hoe die Kerk word, die Bruid kom na Christus, hulle word een, soos enige man en vrou. Sien? Sy kom reg af na die laaste dae toe, en ons probeer om in die gloed van 'n ander dag te lewe? Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd, identifiseer Homself perfek met Hebreërs 13:8: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

136 As ons destyds in Luther se eeu gelewe het, sou ons hier heel terugkyk na daardie—in daardie eeu, sien ons presies, in daardie Sardis eeu, dat Luther daardie boodskapper was, net presies; met die perd wat uitgegaan het, met die res daarvan wat in daardie eeu gegaan het.

137 Ons vind die Wesleyaanse eeu, die Filadelfiese eeu. Ons vind daardie groot herlewingseeu wat uitgegaan het, broederliefde; ons vind Wesley presies op die plek waar die Bybel gesê het hy was.

138 Ons vind dit vandag presies waar Hy gesê het Hy was. Dis die uur, die tyd wat ons lewe.

139 Luister, daardie Grieke het gefaal om Hom te sien. Waarom? "Menere, ons wil Jesus sien." Hulle het gefaal om Hom te sien, wat Hy was in Sy vleeslike tempel geklee, God in 'n man. Menslike vlees wat wat hulle verblind het. Hulle kon nie verstaan nie. "U, wat 'n man is, maak Uself God, of gelyk met God."

140 Hy het gesê: "Wel, as julle hulle deur die wet kon noem, en geen Skrifte kan verbreek word nie, julle hulle 'gode' noem, hulle was, na wie die Woord van God kom."

141 Dan, Hy is die volheid van daardie Woord, die Woord wat vir daardie dag was, die Seun van God, die Verlosser, toe God, Self; Hy op aarde gekom en in 'n Man gewoon het, om die dood op Homself te neem, en (die) alles te verlos, daardie Boom uit die tuin van Eden, nie die vrou nie, die Man, die tweede Adam wat gesterf en in die grond gegaan het om daardie substansie uit te bring, amen, daardie blare wat destyds geval het, om dit voort te bring in die opstanding. Hoeveel kan daaromtrent gesê word, sou ons ure neem!

142 Maar ons is nou hier in die kol. Die Heidene van daardie dag het gefaal om Dit te sien, want Dit was in menslike vlees. Ek wonder of ons dieselfde ding sal doen. Ek wonder of ons die jammerlike fout sal maak wat hulle gemaak het, faal om Hom te ken? Want, Hy was, Hy, die Woord vir daardie eeu, was in 'n menslike liggaam geïdentifiseer. 'n Seun wat geen geleerdheid gehad het nie, wat ons nooit geweet het skool toe gegaan het nie. Ons het geen getuigskrifte dat Hy selfs uit enige organisasie van daardie dag gekom het nie; geen geleerdheid nie. Geen reputasie van iets nie, maar: "'n Mal man, 'n wynsuiper, 'n vriend van sondaars, 'n Man wat die wêreld omkeer; buite-egtelik gebore, Sy moeder het deur 'n soldaat swanger geword, en het Sy naam as die Seun van God geneem of het Homself 'n profeet genoem, hierdie Galileër, sogenaamde profeet."

143 Maar die Woord is gemanifesteer! "Soveel as wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die mag gegee om seuns van God te word." En so is dit vandag wanneer ons hierdie groot Heilige Gees beweging gemanifesteer sien. "Soveel as wat Hom ontvang, aan hulle het Hy die mag gegee om seuns en dogters van God te word." Jesus Christus dieselfde geïdentifiseer, deur Sy Woord, in elke geslag.

Laat ons ons hoofde buig.

144 Christenvriende, ek wil julle vra, laat ons net ophou en vir 'n oomblik dink. Is dit die Waarheid of is dit 'n fout? Is dit? As dit die Waarheid is, is ons alles daaraan verskuldig. Waarnatoe gaan ons? Waar is die stop hieraan? Hoe kan jy seker wees dat jy reg is? Nou: "in die begin was Hy die Woord," en die Woord onderskei die gedagte wat in die hart is. Dit het deur die profete, dit het deur Christus, en Hy het dit belowe in die laaste dae, want Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

145 Hemelse Vader, neem U Woord, plaas Dit in menslike hart, dat hulle . . . al die mense saam, vanaand, hierdie klein klompie mense hier. Ons besef, Here, dat ons—ons in die skaduwees van Sy Koms lewe, en die skaduwees word meer positief jaar na jaar. Ons sien die tekens verskyn, vreeslike gesigte. Ons sien in die koerante en in die tydskrifte. Die maan verander in bloed. Ons hoor van aardbewings regoor die wêreld, skok die hele wêreld.

146 En, nou, eendag het dit die hele wêreld geskud, toe die Seun van God amptelik afgewys en gekruisig is. En nou vind ons uit dat 'n groot groep, die Wêreldraad van Kerke genoem, hulle het Hom amptelik uitgewerp, soos hulle in die (hierdie) Laodicese Eeu gesê het: "Hy was aan die buitekant van die kerk, het aan die deur geklop en probeer om weer in te kom." En nou vind ons daar was nog 'n aardbewing wat dit getref het, nie die ander nasies nie, hierdie nasie, het die hele wêreld geskud; Jesus amptelik verwerp. En Hy staan bedelend vanaand, terdeë geïdentifiseerd, dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

147 Mag die gelowiges dit sien. Mag diegene wat siek is dit sien, Here. Mag hulle vanaand hier in staat wees om Sy kleed aan te raak, soos hulle gedoen het in die dae wat verby is. Genees die siekes, en red die verlorenes, ons vra dit in Jesus Christus se Naam. Amen.

God seën julle.

148 Nou, net een oomblik vir die gebedsry. Ons het presies vyftien minute, om betyds uit te kom. Nou, al wat ek kan sê, ek is 'n man, my woorde kan net faal net soos enige ander man, almal van ons. Ek het vanaand aan julle bewys dat elke profeet, alles anders, hulle het hulle foute gemaak. Maar God maak geen foute nie. Sy Woord is die Waarheid. Hoeveel glo dat Hy die Woord is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] God seën julle. Dis waarop my geloof gebou is, op niks minder as Jesus se Bloed nie; en, reg, Jesus is die Woord.

149 Nou, ek glo Billy het gesê . . . Het hy gebedskaarte uitgegee? Is—is daar gebedskaarte uitgegee? Ek het nie geweet nie. Hy—hy het gesê, eers, dat hy nie dink hulle kom op nie en het nie enige uitgegee nie. Maar as hulle gebedskaarte uitgegee het, sal ons 'n klein gebedsry laat kom.

150 Iemand, is daar 'n gebedskaart hier? Laat ons sien wie het gebedskaart een. Ja, het jy een? Nee. Gebedskaart nommer een, wie het dit? Is daar 'n gebedskaart? Wel, dalk het hy nie van een af uitgegee nie. Hoeveel . . . Huh? [Iemand sê: "Hier is een."—Red.] O, is daar? Ja. Goed, gebedskaart nommer een, kom hiernatoe en staan hier by my, gebedskaart nommer een.

151 Nommer twee, wie het nommer twee. Nommer drie. Net vir 'n paar minute nou, ons . . . Nommer drie, wie het gebedskaart

nommer drie? Kyk, daar is ’n persoon hier op ’n draagbaar, kyk iemand na hulle kaart, as hulle een het. Nommer drie. Nommer vier, vier, wie het gebedskaart nommer vier?

152 Dis ’n klein kaartjie. My seun of een van die groep sal afkom en hierdie kaarte neem, voor julle, en hulle almal deurmekaar maak, en dan gee hulle dit vir julle uit. En dan, wanneer ek. . . Dan wys dit. . . Ons het eenkeer mense gehad wat daardie gebedskaarte probeer verkoop het, en dis waarom hulle so geïdentifiseer word, dat jy nie kan nie, jy dit nie kan verkoop nie; want jy weet nie, jy weet nie wie daar opkom nie. Wanneer ek hier kom, begin ek nie van ’n sekere nommer nie. Ek begin net van enige plek af. Deur hierdie week, sal julle oplet, ek sal andersom, agtertoe en vorentoe, en op-en-af, hierdie gebedskaarte kry, sien. En so, dis hoe ons dit doen, om te sê dat almal op elke dag, gee die kaarte uit, sodat mense elke dag ’n kans kry om in te kom.

153 Een, twee, drie, vier, vyf. Ek sal hulle een op ’n slag roep, want ek wil nie hê iemand moet doof wees en dan sê hulle: “Wel, niemand het my gesê nie,” julle sien, en hulle het hulle plek in die gebedsry gemis. En moontlik, met ’n gebedskaart, sou hulle hom nie ’n ander een gee nie, sien.

154 Gebedskaart nommer vyf, wie het dit? Een, twee, drie, vier, vyf. Gebedskaart vyf? Dis goed. As jy seker is jy het vyf, staan op daar. Dis goed. Nommer ses? [Leë kol op band—Red.] Elf, gebedskaart elf. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, gebedskaart tien, en elf.

155 Kyk nou, dit mag iemand doof wees. Kyk na jou buurman se kaart. Reg rondom, ek skat hulle is almal hier deurmekaar. Goed. Hoeveel is daar, Roy? Tel hulle en sien. Elf? Twaalf, dertien, veertien, vyftien. Een, twee, drie, vier. . . Vyftien. Goed. Laat ons net daar net ’n oomblik stop, want ons het nie te veel tyd nie.

156 Nou, hoeveel het nie ’n gebedskaart nie en jy glo dat God jou sal genees, steek op jou hand. God seën jou. Dis reg, hê daardie geloof. Onthou nou, vriende, terwyl hulle gereed maak vir die gebedsry, nou, moenie—moenie—moenie nou rondbeweeg nie, net vir die volgende tien of vyftien minute, tot ons gereed is, want, sien, jy is ’n gees.

157 Ek wil julle iets vra. Ek het gesê en het uit die Skrif gelees dat Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd is. En net voorlopig, het dit nog nie in die eerste plek gedoen nie, julle gewys dat Hy veronderstel is om hierdie selfde ding weer in die laaste dae te hê nie. Hoeveel glo dit? Maleági 4 en alles daarvan is veronderstel om weer reguit terug te kom, Hy weereens afkom en Homself in ’n profetiese Boodskap identifiseer, om die harte van die kinders terug te draai na die Geloof; apostoliese, pinkster Geloof van die vaders. Dis presies

wat veronderstel is om gedoen te word. Nie een of ander geloofsbelydenis nie, maar terug na die oorspronklike Geloof. Nou, ons glo dit met ons hele hart.

158 Nou, sommige van julle daar wat nie 'n gebedskaart het nie. Nou, onthou, ek is Sy dienaar en julle is Sy dienaar, God in my en God in julle. Julle is in 'n nood, en ek hier om julle te dien bring dit bymekaar en maak dit God.

159 Nou, die klein vroutjie, eenkeer. Laat my julle nog 'n Skrif gee, ek glo dis ook in Johannes. Daar was 'n klein vroutjie wat, was, sy het 'n bloedvloeïng gehad. Laat ons sê sy het nie 'n gebedskaart gehad nie, en sy wou voor gebid word. Maar daar was soveel wat daar gestaan het, sy kon nie in die ry kom nie. Dus het sy gesê: "As ek net Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word." Hoeveel onthou die storie? Wel, sekerlik. En wat het sy gedoen? Sy het deur daardie menigte gedruk en Sy kleed aangeraak.

160 Nou, die Palestynse kleed hang los, en dit het 'n onderkleed ook, want die stof op die ledemate, weet julle, so dis 'n . . . hang los. Nou, jy mag 'n man se baadjie aanraak, en hy sou dit nie voel nie, net die soom van sy baadjie. Maar wat van daardie groot, dik, swaar Palestynse kleed, dit wat om Sy voete hang, sien? Hy het dit nooit fisies gevoel nie.

161 Maar sy het Sy kleed aangeraak en sy het in die menigte teruggegaan. Laat ons sê sy het gaan sit. Sy kon opgestaan het; maar sê sy het gaan sit. Wat het gebeur? Jesus het gestop en gesê: "Wie het My aangeraak?"

162 En, julle weet, Apostel Petrus het gedink dit is so verspot, tot die mense . . . Wel, hy het Hom daarvoor bestraf. Met ander woorde, hy mag gesê het: "Wel, kyk, almal raak U aan. Hulle sal dit dink: 'U is geestelik versteurd.' Sien? Wel, almal probeer U aanraak, Rabbi."

163 Hy het gesê: "Maar Ek kom agter dat Ek swak geword het. Deug," dis krag: "het van My uitgegaan."

164 Daardie een klein vroutjie het nou krag van Hom uitgebring. Hy het rondgekyk in die gehoor en Hy het gevind waar sy was, en Hy het haar haar probleem gesê en wat gebeur het. Die Bybel het gesê dat: "Hy is nou 'n Hoëpriester wat deur die gevoel van ons swakhede aangeraak kan word." Is dit reg? Nou, as jy daardie selfde geloof in daardie selfde Jesus kan hê, sal dit dieselfde ding vir jou doen.

165 Nou, wees baie eerbiedig. Bid. Moenie twyfel nie. Glo met jou hele hart dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd en Hy sal jou hierdie seëninge skenk.

166 Nou, Vader, laat U groot Heilige Gees, aan ons die Woord in vlees, hulle vlees en my vlees geïdentifiseer openbaar. En mag die Woord en belofte van vanaand se Evangelie wat

verkondig is, deur die groot Heilige Gees Self geïnterpreteer word, want Hy het belowe om met ons te wees. En Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. In Jesus Christus se Naam vertrou ons onsself aan U toe, met die Boodskap, dat U die Woord mag bevestig met tekens wat volg, soos U volgens Markus 16 gedoen het. Amen.

167 Nou, almal baie eerbiedig. Moet asseblief nie beweeg nie. Sit baie stil, sien. Nou, onthou, somtyds het ons in 'n stryd gekom. Hoeveel is hierbinne wat wedergebore Christene is, laat ons julle hande sien. Wel, dis goed, dan weet julle waarvan ek praat.

168 Nou, is dit, dit is die dame? Dit is die eerste dame in die ry. Goed. Nou, ek en hierdie dame, sover ek weet, is vreemdelinge, 'n baie mooi prentjie van Johannes, die 4de hoofstuk. Jesus het 'n vrou ontmoet by die put van Samaria, 'n panoramiese iets soos hierdie, eerste keer dat hulle ooit in die lewe ontmoet het. En sover ek weet, is dit die eerste keer dat ons ontmoet het. Ons is vreemdelinge vir mekaar. As dit reg is, net sodat die mense sien dat dit waar is, steek net jou hand op. So sien, dit is ons, eerste keer.

169 Nou, as Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd is, nou met die vrou te praat, soos Hy met die vrou by die put gedoen het, sou iets uitvind wat sy gedoen het, of iets wat verkeerd is met haar, of iets aan die. . .iets waarvan ek niks weet nie, en dit aan haar openbaar. Wat, ek het haar nog nooit gesien nie, ek is net. . .eerste keer wat ek ooit in hierdie stad was. En ek is net hier, sy is 'n vreemdeling. Nou, sou dit Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd maak? Sou dit die Woord 'n onderskeier maak van die gedagtes wat in die hart is? Sien? Sien? Dit sou Hom dieselfde maak gister. . .

170 En hier is my hande, en my Bybel, ek het nog nooit die vrou in my lewe gesien nie. God weet dit. Sy is net 'n vrou wat daar staan. Ek—ek weet nie meer van haar as die ergste vreemdeling wat daar hierbinne is nie, vir haar. Dis waar en sy weet dit.

171 Ek ken haar nie, maar Hy ken haar. En Hy is die Woord en die Woord openbaar die geheim van die hart, sê die ding wat behoort, sê haar iets. En as sy iets verkeerds gedoen het, en dit nie onder die Bloed bely het nie, sal Hy haar daarvan sê. As sy 'n skyngelowige is, sal Hy haar daarvan sê. As sy 'n gelowige is, sal Hy haar daarvan sê. As daar enigiets fisies verkeerd is, haar sê daarvan. As sy iets vir iets anders is, sal Hy haar daarvan vertel. Hy kan dit alles doen, want Hy is God. Hy weet alle dinge. Ek weet nie, sy ken my nie, en ek ken haar nie. Nou, as Hy dit op daardie manier openbaar, weet julle dis steeds die Woord, Hebreërs 4:12: "Die Woord van God openbaar die geheime wat in die hart is, ken die toestand."

172 Nou, as God dit sal—sal openbaar aan ons vanaand, suster, soos ek en jy hier bymekaar staan, dan sou jy—sou jy weet dit

kon nie ek wees nie. Dit sal Hy moet wees. Nou, ek wil net 'n oomblik met jou praat, om soos dié in die Woord te gesels. Wel, ek preek, jy sien, en dan kom ek terug, en praat net met jou soos Hy gedoen het met die vrou by die put, 'n gesprek met haar gevoer tot Hy uitgevind het wat haar probleem was. Nou, as God aan my sal openbaar wat jou probleem is, wel, jy sal weet of dit die waarheid is of nie.

173 En sal almal van julle glo? Enigiemand daarbuite wat die vrou ken? Steek jou hand op as daar enige mense is. . . O, ja, baie mense ken haar. Ja. Goed.

174 Nou, mag die Here Jesus dit skenk, sien. Dit sou nie net die verkondigde Woord wees nie, dit sou die Woord vlees gemaak wees wat uitspreek, openbaar. Nou, die Bybel sê nie dat jy hier sal staan, en wat verkeerd is met jou, en alles daarvan, en waarvoor jy hier is, of wat jy gedoen het nie. Dit sê nie dit nie. Maar die Woord kom tog af, wat die spreker identifiseer, sien, dat die Woord van God, dan is die Boodskap waar, dan identifiseer God die Boodskap om die Waarheid te wees. Die doping van die Heilige Gees en die volle Evangelie moet dan die Waarheid wees, as dit reg geïdentifiseer is.

175 Een ding, jy is heel senuweeagtig, regtig senuweeagtig. Jy is ontsteld oor iets. Dis reg. Jy is bekommerd. Jy het dit vir lank gehad. En wat dit is, dis 'n toestand op jou ledemaat. Dis op jou regter ledemaat. Jy is bang die kanker. . . Dit pla jou oral. Daardie regterkant is geheel en al uit. Jy is in jou mag gepla, maak jou siek. As dit waar is, steek jou hand op. Moenie vrees nie, glo net en Hy sal jou gesond maak. Glo jy dit? [Die suster sê: "Amen."—Red.] Goed, gaan dank God daarvoor, en word gesond. Die Here seën jou. Ek wil net hande op jou lê.

176 Glo julle Hy is gister, vandag, en vir altyd dieselfde? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

177 Nou, hier is weer 'n prentjie, 'n witman, gekleurde vrou. Jesus 'n Jood, sy 'n Samaritaan, sien. Hy laat hulle weet daar is geen verskil in die menslike ras nie. God het vir almal van ons gesterf. Dis reg. Hy is. . . "God het van een bloed, alle nasies gemaak." Die land waar ons grootgeword het, ons kleur verander het, het niks te doen met wat aan die binnekant van ons is nie. Ja, dis reg.

178 Nou, jy is 'n Christen. Ek kan die welkom gevoel gou aanvoel dat jy 'n Christen is. Dis jou gees. Dit sou wees net soos Hy gesê het: "Aanskou 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie."

179 Nou, ek sien jy was baie siek. 'n Ondersoek wys dat jy kanker het. Dit is reg. En daardie kanker, glo jy dat Hy my kan sê waar dit is? Volgens die statistieke, is daardie kanker in die kolon. As dit reg is, steek jou hand op. Nou weet jy dat Iets hier staan wat jou ken. Glo jy dat Hy jou sal gesond maak? As jou geloof Hom daarnatoe kan trek, Sy kleed aanraak en dieselfde

ding openbaar as wat Hy toe gedoen het, gaan glo Hom dan en jy sal gesond word daarvan, en gesond wees. As jy dit sal glo, net glo, net so eenvoudig, suster, net te glo. Moenie twyfel nie.

180 Ek veronderstel dat ons ook vreemdelinge vir mekaar is? Ons ken nie mekaar nie. God ken beide van ons. Glo jy dat God jou probleem aan my kan openbaar? Glo jy dat Hy probleme van enigiemand daarbuite kan openbaar? Glo jy dit?

181 Hoeveel glo dit daar? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

182 Wat dink jy daarvan? Glo jy met jou hele hart? Dan sal jou galstene jou nie meer pla nie. Ek-ek het dit gevoel kom, ek "het die mense se gedagtes gelees," ek wou jou net laat sien ek het dit nie gedoen nie.

183 Goed, glo jy my om Sy dienaar te wees? [Suster sê: "Ek glo."—Red.] Met jou hele hart? ["Met my hele hart."] Dankie. Jy is 'n Christen. ["Ek is."] Ja, jy is, en nie 'n ryloper nie; 'n ware Christen, en jy is wedergebore. Goed. Glo jy dat—dat ek wat jou broer is, niks van jou weet nie, maar ons Hemelse Vader, Wat ons albei ken, aan my kan openbaar wat jou probleem is? ["Ek glo."]

184 Ek sien jy het baie daarvan gehad. Jy het 'n operasie gehad, en die operasie was vir kanker. Jy het 'n bors laat verwyder, dis reg, en jy word nog steeds daarmee gepla. Glo jy, jy gaan van nou af aan gesond wees? Kom reg hier verby, glo met jou hele hart. En God seën jou, mag die Here God jou genees.

185 Hê geloof. Moenie twyfel nie. Glo net met jou hele hart dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd.

186 Glo jy nou, dame? Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek ken jou nie. Jy ken my nie. Ons is totale vreemdelinge. Maar sou die Hemele Vader vir my iets verkeerds openbaar, iets wat jy gedoen het, iets wat jy nie behoort te gedoen het nie, of behoort te gedoen het en nie het nie, wat dit ook al is, wat dit ook al mag wees; jy sal glo dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Jy weet dit sou Hy wees wat dit sou doen. Is dit reg?

187 Jy word gepla deur 'n—'n—'n gewas, en daardie gewas is op die kop. Jy is bang daarvoor. Dis reg. Glo jy dat dit nou sal afkom, dat Jesus Christus jou sal gesond maak? Soos jy dit geglo het, so sal dit vir jou wees. Gaan en glo. Amen. God seën jou. Net op jou pad, glo. Moenie, moenie twyfel nie. Glo net met jou hele hart.

Hê geloof. Moenie twyfel nie. Glo net met jou hele hart.

188 Jou maag het jou gepla. Maagprobleem. Wil graag gaan eet? Glo. Dis reg.

189 Aangename kennis? Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek ken jou nie, jy ken my nie. Maar daar is Iemand hier, onsigbaar, maar tussen ons ingesluier, wat weet wat jou probleem is. Ek sien jou probeer. . . Ja, dis artritis. Glo jy Hy sal jou daarvan gesond maak? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Gaan, glo dit, en jy sal nooit daarmee opgekreupel wees as jy dit net sal glo nie.

190 Jy het baie dinge wat jou gepla het. 'n Vroueprobleem, al 'n lang tyd, dan, nog 'n ding, jou—jou vernaamste ding wat jy geïnteresseerd is om genees te word, is ook artritis. Glo jy dat Hy jou sal gesond maak? Gaan, glo dit. Dis net al wat dit is, hê net geloof en moenie twyfel nie.

191 Ek is 'n vreemdeling vir jou. Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Daar is 'n ander vrou wat gedurig verskyn. As God iets van jou aan my sal openbaar. . . Ja, ja, dis 'n gewas; staan voor 'n operasie. Daardie klein vroutjie wat in daardie stoel lê, staan voor dieselfde ding, dis 'n gewas. Glo jy met jou hele hart? Jy glo? God sal albei van julle gesond maak, as julle dit sal glo. Lê jou hand oor op haar. Dis reg. In die Naam van die Here Jesus, in die Naam van die Here Jesus, mag jy genees word suster.

192 Sien, julle, ek kan dit nie verduidelik nie, vriende, moet my dit nie vra nie. Drukking, krag, een. . . Wat is 'n gewas? Dis 'n groeisel. Wat is 'n groeisel? Vermenigvuldiging van selle. Wat is jy? Vermenigvuldiging van selle. Wat is 'n gewas? In die Bybel word dit 'n duiwel genoem, kwelgees; sien hom om hulp skree, en dit het terug geantwoord. Sien, twee net eenders, en dis—dis wat dit gedoen het. Goed.

193 Kom, dame. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Jy het 'n senuweeprobleem vir 'n lang tyd gehad, wat veroorsaak het dat jy 'n maagtoestand maagprobleem het, maagseer, word suur in jou maag, en maak jou tande gevoelig, ensovoorts. Glo jy Jesus Christus sal jou nou gesond maak? [Die suster sê: "Amen."—Red.] Goed, gaan eet dan jou aandete. Glo met jou hele hart, Jesus Christus sal jou gesond maak. Glo dit nou net. ["Halleluja! Dankie Here Jesus."]

194 Ons is vreemdelinge vir mekaar. Waar lewe God in 'n mens? In die hart. Daar is waar jou probleem is, dis in jou hart, nie oor die gebrek van God nie. Maar deur jou geloof los te laat, om daardie hartprobleem op te los, en jy sal gesond word. Gaan, en glo, glo met jou hele hart. Nou, moenie twyfel nie. Gaan, en glo.

195 "As jy kan glo is alle dinge moontlik." Hoeveel glo dit met jou hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo jy dat God hier is om jou gesond te maak? Is jy. . . Word die Woord vlees gemaak? ["Amen."] Wat is dit? Nou, ongeag hoeveel ek glo, julle moet ook glo. Sien, daardie vrou wat Sy kleed aangeraak het, het geglo.

196 Hier is 'n man wat hier oorkant sit en na my kyk. Het breuke en aambeie. Glo jy God sal jou gesond maak? As jy dit doen, kan jy kry waarvoor jy gevra het.

197 Enigiemand anders hierbinne wat glo dat God die siekes en die beproefdes genees? Glo julle dat die Woord vanaand die geheime van die hart ken? Glo julle dit? Goed. Dis nou, dis, ons is regtig laat van wat ons was.

198 Hoe sou julle dit glo? Nou, julle weet dat daardie Skrif duidelik gemaak is, moenie laat die sluier van vlees julle nou

pla nie, sien. Onthou, dis die beloofde Woord van vandag. Hoeveel verstaan dit? Die beloofde Woord. Ek weet nie hoeveel nabootsing julle gesien het nie. Maar, so help my, Jesus Christus het dit belowe, en dit is waar. Sien, dit, dit is waar.

199 Nou, sê Hy ook, die laaste woorde wat Hy gesê het voor Hy die aarde verlaat het, opgevaar het na die Hemel, gesê het: "Gaan die hele wêreld in," Markus 16: "verkondig die Evangelie. Dié wat glo en gedoop word, sal gered word; dié wat nie glo nie, sal veroordeel word. Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg"? Het julle dit ooit gelees? Wat was die laaste opdrag? "As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Hoeveel weet dat dit waar is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

200 Nou, elkeen van julle het 'n paar minute gelede julle hand opgesteek dat jy 'n gelowige is. Nou, wil julle nie net julle hande op mekaar lê daar nie? Ons hoef nie aan te gaan nie, julle weet Hy is hier, waarom nie net julle hande op mekaar lê en vir daardie persoon bid wat by jou sit, as jy 'n gelowige is nie. Nou, Hy het gesê! Nou, nee, dis nie op my nie, dis julle, elkeen van julle. Glo julle dit nou? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

201 Nou, kyk, moenie vir jouself bid nie, want die persoon wat hulle hande op jou het, bid vir jou. Sien, bid jy vir hulle, en ek gaan vir almal van julle bid. En as julle dit net sal glo, eenparig, sal dit een van die beste tye wees wat jy al ooit gesien het.

202 Die Teenwoordigheid van Jesus Christus, wat die kerk behoort te verlig, te weet dat in hierdie laaste dae waar geloofsbelydenisse en denominasies en ismes en alles die-die Woord heel versmoor het en Jesus die Woord aan die buitekant van die kerk, en julle sien Hom reguit terugkom onder die mense en Homself identifiseer soos Hy belowe het: "in die laaste dae wanneer die Seun van die mens geopenbaar word." Hy was in die doop geopenbaar; Hy was in Goddelike genesing geopenbaar; hier is Hy in Sy laaste eienskap. Onthou, dit was die laaste ding wat Abraham gesien het voor die vuur geval en die Heidense wêreld geoordeel was, en voor die beloofde seun, Isak, op die toneel gekom het. Dit is die laaste ding wat die Christelike kerk sal sien, in die teken van wonderwerk, tot die verskyning van Jesus Christus. As God my guns gegee het voor julle, glo my in die Naam van die Here, daar is niks anders oor in die Bybel om gedoen te word as om die merk van die dier te neem nie, en julle het die Seël van God.

203 Bid vir daardie persoon wat daar lê, wat langs jou sit. Sit jou hand op hulle. Ek—ek het vir kreupeles gekyk, ek sien nie enige nie. Maar daardie bed, glo ek, is alreeds, o . . . Goed, sit julle hande op mekaar en bid.

204 Dierbare Jesus, groot onberispelike Seun van die lewende God, Wat vanaand hier is in die vorm van die Heilige Gees; het

Sy vorm verander en afgekom en Sy Woord reg in menslike vlees geopenbaar; mans, vroue van alle beroepe, het gewys dat Hy nog steeds lewe. Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

205 Here Jesus, ons is hier in hierdie groot stad van Topeka, ons is hier saam met U kinders vergader. En ons bid, dat soos U so onder ons geïdentifiseer was, dat U nou U Woord sal bevestig, die laaste opdrag wat sê: "Hulle sal hulle hande op die siekes lê, hulle sal gesond word." En mense, belyers, en wedergebore uit die Gees, lê nou hulle hande op mekaar, om hulle met mekaar te identifiseer, met U opdrag en U Woord.

206 Nou, Satan, jy kan nie hierdie siek mense langer hou nie. Hulle is onderdane van die Woord van God. Kom uit hulle uit, die siekte wat in hulle liggame is. Pynig hulle nie meer nie. Laat hulle vry gaan, van vanaand af aan. Ons, as dienaars van God, wat geïdentifiseer is om die Woord te bevestig, beveel jou in die Naam van die lewende God, Jesus Christus, die vleesgeworde Woord onder ons, kom uit hierdie siek mense, en laat hulle gaan, vir die Koninkryk van God se onthalwe, en die opdrag aan ons gegee deur Jesus Christus, die Seun van God. Amen.

207 Almal wat glo en jou genesing aanvaar sonder enige sweem van twyfel hierbinne die sluier van die Shekinah Heerlikheid, om die beloofde Woord te sien waarin ons meer sal ingaan hierdie week, Dit hier reg voor ons gemanifesteer te sien, laat ons op ons voete staan en sê: "Ek neem nou my genesing aan. Ek glo dat Jesus Christus my nou genees. Met my hele hart glo ek dit. Ek neem dit aan, in die Naam van Jesus Christus." God seën julle. Steek nou julle hande op. En elkeen van julle, op julle eie manier, gee Hom dank vir julle genesing. Amen.

DIE GEÏDENTIFISEERDE CHRISTUS VAN ALLE EEUE AFR64-0617
(The Identified Christ Of All Ages)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 17 Junie 1964, by die Munisipale Ouditorium in Topeka, Kansas, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org